Die Ketelreeks Les 7 Christene het 'n nuwe kontakpunt waarby God se Wet en Evangelie kan inpas: Geloof en Liefde.

## Les 7 CHRISTENE HET 'N NUWE KONTAKPUNT WAARBY GOD SE WET EN EVANGELIE KAN INPAS: GELOOF EN LIEFDE

### 1.' 'n Kontakpunt vir God se Wet en Evangelie om deel van ons te word

Kom ons kyk na 'n paar verskillende soorte ketels: 'n elektriese ketel, 'n mooi, fyn, goue porseleinketel en 'n swart ysterketel!

Watter van hierdie ketels is die mooiste? Dit sal die porseleinketel wees! Dit is gekleurd en geglasuur. Watter van hierdie ketels is die sterkste en taaiste? Dit is die ysterketel. Hy kan die hardste werk.

Maar watter van hierdie ketels kan met elektrisiteit werk?

Dit is nét die elektriese ketel! Hoekom só? Want hierdie ketel het iets wat geen van die ander ketels het nie – 'n kontakpunt. Hierdie kontakpunt is so gemaak dat 'n elektriese koord net mooi daarin pas.

Kom ons lees Hebreërs 8, verse 10 en 11: *"10 Dít is nou die verbond wat Ek met Israel na daardie dae sal sluit, sê die Here: Ek sal hulle my wette in die verstand gee, op hulle harte sal Ek dit skrywe; Ek sal hulle God wees, en hulle sal my volk wees. 11 Dan hoef niemand meer sy medeburger te leer en vir sy broer te sê: 'Jy moet die Here ken' nie. Hulle almal, klein en groot, sal My ken."*

Kom ons lees ook Hebreërs 10: 15: *"15 Ook die Heilige Gees betuig dit aan ons. Eers sê Hy: 16 "Dit is die verbond wat Ek met hulle na daardie dae sal sluit, sê die Here. Ek sal hulle my wette in die hart gee, in hulle verstand sal Ek dit skrywe.""*

Hierdie belofte sê dat God Sy wette nie maar net vir ons sal sê nie, Hy sal sorg dat Sy wette in ons hart en in ons verstand is. Hierdie is die belofte van die Heilige Gees wat ons 'n nuwe hart en 'n nuwe verstand sal gee – die belofte kom uit Esegiël 36 en klink só:

*"25 Ek sal reinigingswater oor julle uitgooi sodat julle rein kan word. Ek sal julle reinig van al julle onreinheid en van al julle afgodery. 26 Ek sal julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee, Ek sal die kliphart uit julle liggaam uithaal en julle 'n hart van vleis gee. 27 Ek sal my Gees in julle gee en Ek sal maak dat julle volgens my voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam en nakom. 28 Julle sal in die land woon wat Ek aan julle voorvaders gegee het, julle sal my volk wees en Ek sal julle God wees."*

God haal ons kliphart uit en Hy gee vir ons 'n nuwe hart – dit is 'n hart wat die Heilige Gees ontvang en 'n hart waar God se wette in die hart en verstand is.

Wat het ons geleer? Die woorde 'Heilige Gees' – is dit deel van die Wet, of is dit deel van die Evangelie? Kom die woorde 'Heilige Gees' in die Tien Gebooie voor, of in die Twaalf Artikels? Dit is deel van die Evangelie: 'Ons glo in die Heilige Gees' is deel van die Evangelie, nie die Wet nie.

Met hierdie nuwe hart kan God se Evangelie én Wette binne-in die mens ingaan.

Kom ons kyk weer na die elektriese ketel en die elektriese koord. Hoe kan hierdie koord binne-in die ketel ingaan?

Dit kan nie binne-in die porseleinketel ingaan nie, al maak jy die elektriese koord vas aan die ketel se handvatsel. Dit kan ook nie binne-in die ysterketel ingaan nie, al maak jy die elektriese koord vas aan sy handvatsel.

Dit kan net op een manier binne-in die ketel ingaan – as dit ŉ kontakpunt het.

**2. __Nuut en oud: met of sonder die Heilige Gees: met of sonder ŉ kontakpunt__**

God gee vir Christene só ŉ nuwe kontakpunt waarin die Wet en Evangelie binne-in hulle kan inprop: die Bybel noem dit ŉ 'nuwe hart en ŉ nuwe verstand'.

Wat maak die verskil tussen nuut en oud?

Hierdie porseleinketel kan van goud of silwer gemaak wees met die mooiste prentjies op, en hierdie ysterketel kan van die beste, vlekvrye en hardste staal gemaak wees, terwyl hierdie elektriese ketel maar van goedkoop plastiek gemaak is. Blinkheid en kosbaarheid maak nie die groot verskil nie.

Hierdie porseleinketel en ysterketel kan skoon, sonder merkies en kolle en splinternuut wees, terwyl die elektriese ketel aangepak met kalk, gekeep, gekrap en vol vuil kolle kan wees. Skoonwees maak nie die verskil nie.

Die elektriese ketel is die nuwe ketel! Die ander goue, blink, skoon en mooi ketels is die ou ketels.

Hoekom?

Want die verskil tussen nuut en oud is die kontakpunt, nie hoe goed, hoe ryk, hoe mooi, hoe slim, hoe skoon, hoe kunstig mense is nie – die verskil tussen nuut en oud is – net die kontakpunt.

Kyk hoe beskryf Paulus dit in 1 Kor. 5: *"[17] Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom. [18] Dit alles is die werk van God. Hy het ons deur Christus met Homself versoen en aan ons die bediening van die versoening toevertrou."*

Dit is wat die Heilige Gees vir ons doen: Hy maak ons nuwe mense deur vir ons ŉ kontakpunt te gee waarin God se Evangelie en God se Wette binne-in mense se harte en verstand kan ingaan.

**3. __Die koperpunte van die kontakpunt: geloof en liefde__**

Wat maak hierdie kontakpunt so spesiaal?

Kyk binne-in die kontakpunt in! Wat sien julle? Koperpunte! Hoeveel sien julle? Drie! Hierdie drie koperpunte pas presies op die drie drade van die elektriese koord!

Dit is wat so spesiaal is: drie koperpunte wat met die drie groot drade van die koord kontak maak.

Hierdie drie koperpunte werk net soos die koord. Die boonste koperpunt kan jy uitbreek en die ketel sal nog steeds kontak maak met die koord, maar van hierdie onderste twee koperpunte kan jy nie een weg vat nie.

Hoekom nie?

Want dit is die twee koperpunte wat pas op die bruindraad en die bloudraad, die kragdraad en die stroomdraad.

Dit wys vir ons daar is twee belangrike kontakpunte wat God in ons skep, waarop Sy Wet en Sy Evangelie kan pas, sodat dit binne-in ons kan ingaan en deel van ons lewe kan word.

Wat is hierdie twee koperkontakpunte wat God binne-in ons skep?

Kom ons lees Galasiërs 5 vers 6: *"[6] In Christus Jesus is dit nie van belang of jy besny is of nie. Al wat van belang is, is geloof wat deur die liefde tot dade oorgaan."*

Volgens hierdie vers is daar twee baie belangrike sake binne-in 'n Christen se hart. Wat is hierdie twee sake?

- Die besnydenis is nie belangrik nie, want dit is nie iets binne-in 'n mens se hart nie, dit is iets wat net op 'n mens se liggaam wys.
- Die mens se dade is ook nie iets binne-in hom nie. Dit is dinge wat hy doen. Dit is die element bínne-in die ketel wat die water warm maak.

Die twee sake binne die mens se hart is: **GELOOF EN LIEFDE**.

Kom ons kyk 'n bietjie hoe die Bybel aanhoudend vir ons wys op hierdie twee kontakpunte!

**Kolossense 1 verse 3-5**: *"[3] Wanneer ons tot God, die Vader van ons Here Jesus Christus, bid, dank ons Hom altyd vir julle [4] omdat ons gehoor het van julle **geloof in Christus Jesus** en van **julle liefde** vir al die gelowiges. [5] Hierdie **geloof en liefde** is gegrond op die hoop wat vir julle in die hemel bewaar word en waarvan julle reeds gehoor het toe die waarheid, die evangelie, aan julle verkondig is."*

**1 Tessalonisense 3 vers 6:** *"[6] Nou is Timoteus van julle af terug by ons, en hy het ons die goeie nuus gebring van julle **geloof en liefde**."*

**1 Tessalonisense 5 vers 3:** *"[8] Maar ons wat van die dag is, moet nugter wees; ons moet **geloof en liefde** as borsharnas dra en die hoop op verlossing as helm."*

**1 Timoteus 1 vers 14:** *"[14] Ons Here het my oorlaai met sy genade **en met geloof en liefde** wat ons deel is in Christus Jesus."*

**1 Timoteus 6 vers 2:** *"[2] Slawe wat gelowige eienaars het, moet aan hulle nie minder eerbied betoon omdat hulle saam broers is nie. Hulle moet hulle eerder beter dien omdat dié wat uit hulle*

Die Ketelreeks Les 7 Christene het ŉ nuwe kontakpunt waarby God se Wet en Evangelie kan inpas: Geloof en Liefde.

*werk voordeel trek, met hulle een is* ***in geloof en liefde****. Hierdie dinge moet jy aan die mense leer en dit by hulle inskerp."*

**2 Timoteus 1 verse 13 en 14:** *"[13] Neem die woorde wat jy van my gehoor het, as voorbeeld van gesonde verkondiging en volg dit* ***na in die geloof en liefde*** *wat ons in Christus Jesus het. [14] Wat aan jou toevertrou is, is goed. Bewaar dit deur die Heilige Gees wat in ons woon."*

## 4. Geloof en liefde is twee verskillende kontakpunte

Kom ons kyk weer binne-in die kontakeenheid! Hierdie koperpunte is twee verskillende kontakpunte. Dit is nie maar net een kontakpunt nie.

Nog belangriker! Hulle is só verskillend van mekaar dat hierdie twee koperpunte binne-in die ketel nooit aan mekaar mag raak nie. Dit is net soos die bloudraad en die bruindraad. Hierdie koperdraadjies binne-in hierdie twee verskillende drade mag nooit aan mekaar raak nie. Net so mag hierdie twee koperpunte binne-in die ketel ook nooit aan mekaar raak nie.

Hoekom nie?

Want as hulle aan mekaar raak, is daar ŉ kortsluiting en werk die ketel nie.

Net so werk geloof en liefde binne-in die hart van die mens.

Al twee kontakpunte is daar! Die een kontakpunt kan nooit sonder die ander een wees nie: dit is altyd geloof én liefde.

Maar geloof en liefde is nooit dieselfde nie, en kan nooit met mekaar gemeng word nie.

## 5. Geloof is ŉ vaste kennis en ŉ vaste vertroue op die beloftes van God in die Evangelie

**Geloof is om régtig te weet wat God régtig beloof het.**

Geloof in die Bybel is nie maar om sommer net te wonder, of om oor iets te dink nie. Ons sê baiekeer ons glo, en dan bedoel ons ons dink maar so, of ons wonder maar so, maar eintlik weet ons nie regtig nie en is ons eintlik ŉ bietjie onseker.

In die Bybel is geloof altyd om régtig te weet wat God vir ons in die Evangelie beloof het om vir ons te gee en te doen:

"*Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie*." (Heb. 11:1)

Hoekom ons régtig weet en séker is wat God vir ons gee en doen, is omdat ons in die Evangelie baie duidelike beloftes het wat God baie duidelik aan ons bekendmaak.

**Geloof is om régtig staat te maak op wat God beloof het.**

Die Ketelreeks Les 7 Christene het ŉ nuwe kontakpunt waarby God se Wet en Evangelie kan inpas: Geloof en Liefde.

Geloof is nie maar net om te weet wat God beloof het nie, maar om staat te maak op God se beloftes. Kyk hoe beskryf Paulus dit in Romeine 4:

*"18 Toe daar geen hoop meer was nie, het Abraham nog gehoop en geglo, en so die vader van baie nasies geword volgens die belofte: "So sal jou nageslag wees." 19 Al was hy sowat honderd jaar en al het hy dus goed besef dat sy liggaam reeds gedaan was en dat Sara te oud was om kinders te hê, het sy geloof nie verswak nie. 20 Hy het nie in ongeloof begin twyfel aan die belofte van God nie, maar hy is in sy geloof versterk en het aan God die eer gegee. 21 Hy was ook ten volle daarvan oortuig dat God mag het om te doen wat Hy beloof het."*

'Staatmaak' beteken ons steun op God se beloftes omdat ons weet Hy doen wat Hy sê.

## 6. Liefde is ŉ innerlike vreugde in God soos ons Hom ken, en innerlike vreugde in, en toewyding aan wat Hy vir ons sê

### 6.1 Liefde gaan oor ons kennis van wie God werklik is

Liefde is ŉ innerlike vreugde in God soos ons Hom ken deur Sy Woord.

Liefde beteken dat ons weet wie God is, omdat Hy vir ons sê wie Hy is. Liefde kan nooit maak asof ons nie weet wie God is en wat Hy doen nie.

Liefde beteken dat ons innerlik bly is dat God God is: dit laat ons goed voel dat Hy God is; en liefde beteken dat ons vir God sê dat Hy ons bly maak, en dat dit vir ons goed is dat Hy God is.

Liefde gaan nie maar net oor ŉ gevoel of ŉ idee wat ons sélf oor God uitdink of opmaak nie. Liefde gaan oor ons kennis van God soos Hy Homself aan ons bekendmaak in Sy Woord.

Kyk hoe beskryf die Psalmskrywer van Psalm 136 dit:

*"Loof die Here, want Hy is goed. Aan sy liefde is daar geen einde nie. 2 Loof die oppermagtige God. Aan sy liefde is daar geen einde nie. 3 Loof die magtigste van alle maghebbers. Aan sy liefde is daar geen einde nie. 4 Hy het magtige dade gedoen, Hy alleen. Aan sy liefde is daar geen einde nie. 5 Hy het die hemel met soveel insig gemaak. Aan sy liefde is daar geen einde nie. 6 Hy het die aarde op die waters gevestig. Aan sy liefde is daar geen einde nie. 7 Hy het die groot hemelligte gemaak, Aan sy liefde is daar geen einde nie. 8 die son om te heers oor die dag, Aan sy liefde is daar geen einde nie. 9 die maan en die sterre om te heers oor die nag. Aan sy liefde is daar geen einde nie."*

**Liefde is om goed te voel dat God so groot en wonderlik is soos Hy is, en om dit vir Hom te sê!**

### 6.2 Liefde gaan oor wat God vir ons sê om te doen

Liefde het, nes geloof, ook ŉ tweede deel: dit is om vreugde te vind in wat God vir ons sê om te doen, en met ons hele hart, siel en verstand, ons toe te wy aan wat Hy vir ons sê.

Liefde gaan nie maar net oor om God te ken nie. God maak Homself nie net bekend aan ons nie. Hy sê ook vir ons wat ons moet doen. Liefde is om bly te wees oor wat God vir ons sê om te doen, en alles te wil doen net soos Hy dit vir ons sê.

Kyk hoe word dit in Psalm 119 beskryf:

*"7 U bepalings is regverdig; as ek hulle ter harte neem, sal ek U loof met 'n opregte hart. 8 Ek sal my aan u voorskrifte hou: moet my tog nooit verlaat nie. 9 Hoe kan 'n jongmens sy lewe skoon hou? Deur hom te hou aan u woord! 10 Ek wil aan U gehoorsaam wees met my hele hart, laat my nie afwyk van u gebooie nie. 11 Aan u beloftes hou ek vas, dit weerhou my van sonde teen U. 12 Aan U kom die lof toe, Here, leer my u voorskrifte. 13 Al u bepalings wil ek een vir een opnoem. 14 Om volgens u verordeninge te lewe, gee my meer vreugde as al die rykdom van die wêreld. 15 U bevele bly my altyd by. Ek gee ag op die pad wat U aanwys. 16 Ek verlustig my in u voorskrifte, u woord vergeet ek nie."*

Kla hy oor wat God beveel? Probeer hy verander aan wat God vir hom sê? Voel hy dit is te moeilik en te swaar wat God vir hom sê? Probeer hy vergeet wat God vir hom sê?

**Liefde is om bly te wees oor wat God vir ons sê om te doen, en dit met oorgawe, ten volle te doen**.

**7. Opsomming**

- God maak ons nuut deur ons geloof en liefde binne-in ons te gee.
- Hierdie geloof en liefde is die twee kontakpunte waardeur God se Wet en God se Evangelie binne-in ons lewe inkom.
- Geloof en liefde is twee verskillende gawes van die Here.
- Geloof is 'n vaste kennis en vertroue op die beloftes van God in die Evangelie.
- Liefde is 'n innerlike blydskap oor, en toewyding aan God en wat Hy ons beveel om te doen.
- Dit is net soos 'n ketel se kontakpunt met die koperpunte binne-in.

**8. Oefening**

**Kyk of julle die twee kontakpunte wat God in ons maak, in hierdie verse kan raaklees: geloof en liefde:**

*"3 Wanneer ons tot God, die Vader van ons Here Jesus Christus, bid, dank ons Hom altyd vir julle 4 omdat ons gehoor het van julle geloof in Christus Jesus en van julle liefde vir al die gelowiges. 5 Hierdie geloof en liefde is gegrond op die hoop wat vir julle in die hemel bewaar word en waarvan julle reeds gehoor het toe die waarheid, die evangelie, aan julle verkondig is."* (Kolossense 1)

*"6 Nou is Timoteus van julle af terug by ons, en hy het ons die goeie nuus gebring van julle geloof en liefde. Hy het ons vertel dat julle nog altyd die aangenaamste herinneringe aan ons het en dat julle net so na ons verlang as ons na julle."* (1 Tessalonisense 3)

*"8 Maar ons wat van die dag is, moet nugter wees; ons moet geloof en liefde as borsharnas dra en die hoop op verlossing as helm. 9 God het ons tog nie bestem om gestraf te word nie, maar om deur ons Here Jesus Christus verlos te word. 10 Hy het ter wille van ons gesterwe, sodat ons, of ons by sy koms nog lewe of reeds dood is, saam met Hom kan lewe."* (1 Tessalonisense 5)

Die Ketelreeks Les 7 Christene het ʼn nuwe kontakpunt waarby God se Wet en Evangelie kan inpas: Geloof en Liefde.

*"[14] Ons Here het my oorlaai met sy genade en met geloof en liefde wat ons deel is in Christus Jesus. [15] Dit is 'n betroubare woord en kan sonder voorbehoud aanvaar word: Christus Jesus het in die wêreld gekom om sondaars te verlos. Van hulle is ek die grootste."* (1 Timoteus 1)

*"[2] Slawe wat gelowige eienaars het, moet aan hulle nie minder eerbied betoon omdat hulle saam broers is nie. Hulle moet hulle eerder beter dien omdat dié wat uit hulle werk voordeel trek, met hulle een is in geloof en liefde. Hierdie dinge moet jy aan die mense leer en dit by hulle inskerp."* (1 Timoteus 6)

*"[13] Neem die woorde wat jy van my gehoor het, as voorbeeld van gesonde verkondiging en volg dit na in die geloof en liefde wat ons in Christus Jesus het. [14] Wat aan jou toevertrou is, is goed. Bewaar dit deur die Heilige Gees wat in ons woon."* (2 Timoteus 1)

*"[23] Vrede vir die broers, en liefde en geloof, van God die Vader en die Here Jesus Christus! [24] Die genade sal by almal wees wat vir ons Here Jesus Christus met onverganklike liefde liefhet."* (Efesiërs 6)

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

____________________________________

Handtekening: ouer of voog